

## NG Kerk in Oos-Kaapland

## RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die Handleiding vir Ringsprojekte moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by [www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf](http://www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf)
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- SLUITINGSDATUM: Jaarliks op 30 September.

## 1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

4.2


## 2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: CRADOCK

Titel van Projek: HOFMEYR HUGS OF HOPE

## 3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER


|                  | Projekteleier             |
|------------------|---------------------------|
| <b>Naam:</b>     | TERESA OPPERMAN           |
| <b>Posadres:</b> | teresaopperman9@gmail.com |
| <b>E-pos:</b>    | Teresaopperman9@gmail.com |
| <b>Faks:</b>     | -                         |
| <b>Tel. (k):</b> | 048 885 9064              |
| <b>Tel (h):</b>  | 048 885 9064              |
| <b>Selfoon:</b>  | 076 122 8719              |


2025-09-11

Handtekening Projekvoorsteller Datum

## 4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) C. F. Hebert, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van CRADOCK, dat hierdie projek op 23-09-2025 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.


23-09-2025

Handtekening Voorsitter / Skriba

Datum

## 5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

HOFMEYR HUGS OF HOPE (Hugs) BIED 'N VEILIGE RUIMTE VIR ALLE LEDE VANUIT DIE GEMEENSAP wat op die buiterand leef, en uitgestoot word deur die samelewing, deur hul met geloofs- en gebedsleiding te bedien, en VAARDIGHEIDSONTWIKKELING aan te bied, sodat hul mettertyd weer op hul voete kan staan, selfvertroue kan verwerf en 'n eie inkomste kan verdien.

## 6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Hugs ressorteer onder die gemeente van Hofmeyr. Die totale gemeenskap van Hofmeyr word onder die dekmantel van Hugs gekoester. Hugs het ook verskeie werksgroepe buite die dorp: by die Marais Steyn Tehuis vir bejaardes (Kunsgroep), by die Elizabeth Jordaan tehuis in Cradock 'n brei- en hekelgroep en by die Dirk Postma Tehuis in Burgersdorp (Breigroep). Hugs het ook 'n aantal opleidingsgeleenthede (Naaldwerk, kuns, gebak, gebottel, rekenaaropleiding, Homebased care, Educare, SASSA bestuur, finansiële bestuur) deur die jaar vanuit die kerksaal aangebied, maar dit sal nou verskuif moet word na 'n ander lokaal, moontlik die saal by Social Development. Hugs voorsien ook leerderhandboeke, storieboeke, skooldrag en sporttoerusting aan die volgende skole: DRC Twinsville skool, Hofmeyr Laerskool, Unie Laerskool (Steynsburg), Michausdal Senior Sekondêre skool, Michausdal Primêre skool, Carinus Primêre skool, Pakama-Hofmeyr Senior Secondary School, en die instansie vir tuisonderrig in Burgersdorp. 'n Groot bydrae van boeke en leerdermateriaal is ook die afgelope jaar aan die Tronk vir Jeugmisdadigers in Burgersdorp oorhandig. Hugs voorsien hulp met ameublement aan tuistes waar daar 'n nood bestaan, o.a. die Pastorie in Hofmeyr, en die huis waar pleegkinders versorg word, en die Dokter se spreekkamer. Uitgebreide groentetuinenetwerke voorsien die gemeenskap, en Hugs van kos vir etes. Die NG Gemeente in Hofmeyr het vir 8 jaar die saal aan Hofmeyr Hugs of Hope bewillig, en vanaf ons kant het ons verskeie reekse tafeldoeke gemaak vir tafels, kussings gemaak vir die kerkbanke, en ook 'n kanselleed, en blinders vir die vensters indien die kerk in die laatmiddagson te veel skerp sonlig inkry, veral met kerstangdienste in midsomer, Hugs het ook verskeie stroke materiaal gratis verskaf as kruismantels, en vir die saal het Hugs blinders aangekoop, drie stelle van 12 tafeldoeke aan die gemeente geskenk, 'n skyfie-diepbraaier, en pasteiverwarmer, vir gebruik by die skougronde aan die gemeente beskikbaar gestel, soos by fondsinsamelings. Hugs het ook oor die laaste aantal jare, wat daar nie water in die saal beskikbaar was nie, waterkanne, en 'n 90 liter watertenk beskikbaar gestel. Hugs het ook in 2019 aangebied om 'n tenk te laat installeer by die saal, maar dit is van die hand gewys.

Vanweë finansiële implikasies na verskeie groot uitgawes wat die kerkraad moes aanpak in die laaste jaar, (kerk verf, ingeboude kaste by die pastorie, boorgat sink vir water, en die aanlê van die water na die saal en kerk) is Hugs nou in kennis gestel dat 'n bedrag van R500 per dag betaalbaar sal wees vir Hugsdae. Die saal word gebruik as winkel vir die publiek, 1 x 'n week, en dan word die etes wat versprei word aan diegene wat diens lewer aan Hugs ook voorberei. Hugs se inkomste uit die winkel is egter minimaal, en sommige weke kry ons slegs R280 in. Almal wat by Hugs werksaam is, uitgesonderd die vrywilligers, ontvang 'n klein taxifooi aan die einde van die dag. Daarom versoek Hugs dus hulp om hierdie huurbedrag te bekom, totdat ons 'n ander venue kan bekom, of die pleegsorghuis en naaldwerkopleidingsentrum so kan aanpas, dat ons daarin gehuisves kan word.

## 7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

| Stappe / Fases                                   | Tydsverloop                                                             |
|--------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------|
| Huur is weekliks betaalbaar @ R500 per Woensdag. | Hierdie aansoek is dus vir die huur, of hulp met die huur, vir 'n jaar. |
|                                                  |                                                                         |

|  |  |
|--|--|
|  |  |
|  |  |
|  |  |

## 8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

### 8.1 Projekspan

| Name van Lede                                             | Van waar (gemeente, ander)                        |
|-----------------------------------------------------------|---------------------------------------------------|
| Hettie Hanker (Winkelbestuurder)                          | NG Gemeente Hofmeyr                               |
| Charles Jordaan (Voorsitter van die Hugsraad)             | NG Gemeente Hofmeyr                               |
| Trevor Barnes (Tesourier)                                 | Methodiste gemeente.                              |
| Karen Lord (Rekenmeester en verpakkings en verspreidings) | Anglikaanse gemeente maar skakel in by NG Hofmeyr |
| Gladys Hayiya (Verteenwoordiger in die gemeenskap)        |                                                   |
| Teresa Opperman (Bestuurder)                              | NG Gemeente Hofmeyr                               |

### 8.2 Toerusting

| Beskrywing van toerusting | Hoeveelheid |
|---------------------------|-------------|
| Inventaris word aangeheg. |             |
|                           |             |
|                           |             |
|                           |             |
|                           |             |

### 8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Hugs beskik oor 'n huis wat deur 'n

## 8.4 BEGROTING

### 8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

| Bron                                                                                                                | Bedrag                                                               |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------|
| Ring van Cradock                                                                                                    | R10 000 (Junie 2025 inbetaal) (saailing en groentetuin projek 2025 ) |
| Ons ontvang baie bydraes van goed, vanaf donateurs. 'n Register is beskikbaar, asook 'n register van goed uitgegee. |                                                                      |
| Geen bydraes vanaf die gemeente.                                                                                    |                                                                      |
|                                                                                                                     |                                                                      |
| <b>TOTAAL:</b>                                                                                                      |                                                                      |

### 8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

| Begrotingsitem                                                                                                                        | Bedrag R30 000 |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------|
| • Reiskoste (Bestuurder en rekenmeester dra haar eie uitgawes rondom reiskoste) Die res van die Vrywilligers woon in die dorp         |                |
| • Verblyfkoste Huur vir gebou @ R500 per Woensdag                                                                                     | R30 000,00     |
| • Rekenaaruitgawes (Bestuurder gebruik haar eie rekenaar)                                                                             |                |
| • Skryfbehoeftes (ons ontvang papier gratis van donateurs)                                                                            |                |
| • Drukwerk (Bestuurder doen dit self)                                                                                                 |                |
| • Telefoon (Bestuurder gebruik haar eie telefoon, en het whatsappgroepe gestig waarin sy kontak hou met alle vrywilligers en werkers) |                |
| • Posgeld (Gebruik slegs e-pos vir briewe)                                                                                            |                |
| • Verversings                                                                                                                         |                |
| • ANDER                                                                                                                               |                |
| •                                                                                                                                     |                |
|                                                                                                                                       |                |
|                                                                                                                                       |                |
|                                                                                                                                       |                |
| <b>TOTAAL:</b>                                                                                                                        |                |

### 8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

|                                                        |            |
|--------------------------------------------------------|------------|
| Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):         | R30 000,00 |
| MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo): |            |
| <b>TOTAAL BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:</b>     | R30 000.00 |

### 8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

| Datum                                                                                | Bedrag                      |
|--------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------|
| Huur moet maandeliks betaal word, maar kwartaallikse uitbetalings sal van hulp wees. | R7 500,00 elke vier maande. |
|                                                                                      |                             |
|                                                                                      |                             |
|                                                                                      |                             |
|                                                                                      |                             |

## 9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Baie dankie vir u oorweging van hierdie aansoek, en alle vorige aansoeke vanaf Hofmeyr Hugs of Hope. Kontak my gerus met enige navrae.

### Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om per rekenaar ingevul te word. Vind dit by - [www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc](http://www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc)  
Die vorm vir persone wat dit per hand wil voltooi is beskikbaar by - [www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf](http://www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf)